View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

APRIL 1960

KOERS

DEEL XXVII No. 10.

# MUSICA ALMA

Dit is gesê dat musiek 'n uiting is van persoonlike, en dus geestelike en maatskaplike, gevoelens. Die kultivering van musiekwaardering en om met genot musiek te kan hoor van verskillende tydperke en skole, en van wisselende grade van ingewikkeldheid, kan dus alleen verruimend werk. Dit bring die luisteraar in noue aanraking met die gees van verskillende volkere en tydperke.

Omdat die mens van brood alleen nie kan lewe nie, het die Here hom dan ook geseën met die groot gawe van musiek. Of ons hierdie gawe verstaan en ons kennis daarvan uitbou tot veredeling van die mens, en of ons dit misbruik om die menslike gees te verkrag en hom in dieptes van ellende te beland, bly 'n keuse vir elke mens self. Alles waaruit hierdie gawe Gods bestaan of wat musiek nou eintlik is, is nogal moeilik om te omskrywe. Ek gaan dit geensins eers probeer nie en my in hoofsaak by geskiedkundige feite bepaal.

Geen wonder dat vanaf die vroegste onderwysstelsels waarvan ons weet, musiekopleiding 'n deel daarvan vorm. In antieke Griekeland het alle onderwys

Hierdie rede is uitgespreek deur Dr. F. J. du Toit, kanselier van die P.U. vir C.H.O., by geleentheid van die ingebruikname van die nuwe gebou van die Konservatorium van die P.U. vir C.H.O. Lees hiermee saam ps. 150 soos met hierdie geleentheid gedoen deur ds. D. N. Kotze, voorsitter van die P.U. Raad.

in twee dele geval — **Musiek en Gimnastiek.** Dit het die onderskeid aangedui tussen die opleiding van die gees en van die liggaam. Met musiek is elke vorm van literêre en artistieke kultuur bedoel. Plato het groot waarde geheg aan die veredelende uitwerking van musiek op die karakter, en musiek speel 'n belangrike rol in die onderwysstelsel wat hy in sy „Republiek" bepleit.

In die vroeë gekerstende Europa was die onderwys in die hande van die Kerk, en die sing van kerkliedere was deel van die skoolwerk. Op Universiteit in die vroeë eeue was musiek 'n verpligte leervak vir persone wat wou gradueer. Elke geleerde persoon het dus ten minste 'n teoretiese kennis van musiek gehad. Ook later, gedurende die Feudale en Renaissance-tydperke, is veel aandag aan musiekonderrig gegee.

Hierdie neiging is deur die Hervorming versterk, want sowel die Lutherane as die Calviniste het die gebruik van musiek in die opvoeding aangemoedig. Luther was 'n luitspeler en komponis en wou nie toelaat dat die musiekonderrig in sy kerkskole verwaarloos word nie. So sterk was hierdie invloed, dat Frederik die Grote twee eeue later bepaal het dat die skole in sy ryk drie sangklasse per week moes gee.

Aan die ander kant van die ideologiese skaal, het ons Jean Jacques Rousseau, wat in sy vroeë jare 'n baie onbevoegde musiekonderwyser was, maar 'n deurdagte onderrigplan vir musiek daargestel het in sy „Emile". Hy het onderrig in eenvoudige liedere voorgestaan, totdat die lus vir musiek aangewakker is. Volgens hom moes elke skoolkind in die maak van komposisies opgelei word.

Dit Duitse opvoedkundige, Froebel (1782-1852), het onderwys in musiek aangemoedig, soos hy sê, „nie met die voorneme om 'n soort kunstenaar uit elke leerling te maak nie — maar met die eenvoudige en uitdruklike doel om vir elke leerling die algehele ontwikkeling van sy natuur te verseker, sodat hy bewus kan word van die rykdom van belangstelling en energie wat hy in sy gees omdra en, bowenal, sodat hy goeie kuns kan waardeer".

Aan die ander kant het Locke (1693) weer minder van musiek gedink: „A good hand upon some instruments is by many people mightily valued; but it wastes so much of a young man's time, to gain but a moderate skill in it, and engages often in such odd company . . ."

Musiekopleiding beoog twee doeleindes — die een is om die student in staat te stel om te doen, en die tweede is om hom in staat te stel om te geniet. 'n Behoorlike ewewig moet tussen die twee gehou word — die prestasiedeel moet nie so oorbeklemtoon word dat die genietdeel sterf uit verveling nie. **Luister kan ook 'n aktiwiteit van die gees wees.** Die oefening in samespel tussen instrumente het 'n waardevolle uitwerking op die karakter — dit moedig ook wakkerheid en selfvertroue aan.

Dit word aan my meegedeel dat die woord „konservatorium" van die Latynse „conservare" kom, wat beteken „om te bewaar". **Die oudste konservatoria word in Italië gevind.** Die eerste egte konservatorium is in 1537 in Naples

gestig en hierdie inrigting is spoedig in Naples self en in ander Italiaanse stede deur ander gevolg. Maar reeds in die jaar 600 is deur pous Gregorius I die „Schola Cantorium" gestig vir die opleiding van sangers vir die pouslike kapél. Dit kan dus beskou word as 'n spesiale soort konservatorium.

Teen die einde van die agtiende eeu het die ander Europese lande die voorbeeld van Italië begin volg in die oprigting van konservatoria. Die huidige Paryse Konservatorium is in 1784 gestig, alhoewel aanvanklik met die uitsluitlike doel om operasangers op te lei. So volg daar gedurende die negentiende eeu talle musiekskole oor die hele Europa.

Aanvanklik het die inisiatief vir die stigting van die konservatoria uitgegaan van privaat persone. Gedurende die afgelope vyftig jaar het hulle egter toenemend onder staatsbeheer gekom, sodat die groot konservatoria van die Europese Vasteland vandag feitlik almal staatsinrigtings is.

Met die verloop van tyd, het daar ook 'n geleidelike differensiasie plaasgevind ten opsigte van die aard van die inrigtings. Naas die konservatoria of „Musikhochschulen", soos hulle in Duitsland genoem word, word daar tans talryke inrigtings aangetref wat net op bepaalde gebiede van die musiek spesialiseer, bv. kerkmusiek, skoolmusiek, koorleiding, komposisie, ens. Gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu het daar toe in Europa 'n tweede rigting ontwikkel, wat die studie van musiek as kultuurproduk van die mens beoog. Behalwe in Engeland, word hierdie verdeling van die musiek, ooreenkomstig sy dubbele hoedanigheid, nl. as 'n kuns en 'n wetenskap, vandag vrywel algemeen toegepas.

Wat die ontwikkeling van musiek in Suid-Afrika betref, spruit ons land se wêreldlike musiek uit Nederlandse, Engelse, Skotse en Duitse volksmusiek. Toe Vasco da Gama op Saterdag, 2 Desember 1497, naby Mosselbaai geland het, is hy begroet deur 'n uitvoering van musiek, gespeel deur Hottentotte op rietfluitjies. Hy het die kompliment erken deur sy trompetters dansmusiek te laat speel.

Onder Simon van der Stel, toe die nedersetting meer beskaafd begin raak het, het die militêre 'n orkes gehad. Een van die pligte daarvan was om elke oggend die Goewerneur wakker te maak, en om weer saans om nege-uur te speel as almal gaan slaap.

Orkesuitvoerings het net op privaat-geleenthede plaasgevind. Lichtenstein beskryf bv. 'n slaweorkes wat gespeel het op viole, tjello's, fluite, klarinette, fagotte en horings. Die eerste openbare orkesuitvoering is in 1811 gehou, en word deur William Burchell beskryf.

In 1737 is die eerste orrel in Suid-Afrika in die Groote Kerk in Kaapstad ingewy, met 'n soldaat as orrelis. Die Goewerneur het die Kerkraad 500 gulde vir hierdie luukse laat betaal omdat alle kerkmusiek vantevore slegs vokaal was. Die eerste gebore Suid-Afrikaanse orrelis, Nicolaas Gotfried Heyns, is in 1749 aangestel.

In 1826 is die eerste musiekskool as privaat-onderneming in Kaapstad ge-

open. Teen 1894 het die destydse Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop musiekeksamens begin afneem in medewerking met Britse eksaminerende liggame soos die Trinity College of Music. Hierdie eksamens is deur die Universiteit van Suid-Afrika geërf.

In die Suid-Afrikaanse kunsmusiek was die kunslied een van die eerste vorms. Dit is waarskynlik geïnspireer deur die taalstryd. Ons vind bv. dat Bosman di Ravelli, die eerste liederkomponis van betekenis, gedurende die Tweede Taalstryd van die beste Afrikaanse gedigte van die tyd getoonset het. Ook Duitse, Engelse, Noorse en ander liedertekste is vertaal. 'n Groot verbetering in die musiektoestand het ook destyds ingetree met die stigting van konservatoria aan die universiteite van Stellenbosch (1905) en Kaapstad (1909) en die vestiging van stadsorkeste. Vandag geniet orkestrale komposisies veel aandag.

Met die stigting van die nedersetting aan die Kaap die Goeie Hoop kom as Nederlandse kultuurgoed die psalmmusiek mee. Maar die geestelike musiek het sy eerste bloei beleef na die vertaling van die Bybel en die psalms. Die pragtige nuwe berymings van Totius en fragmente uit die Bybel is getoonset deur o.a. Stephen Eyssen, prof. Bon, en veral Rosa Nepgen. Waar voorheen hoofsaaklik Nederlandse wysies gesing is, is dan nou ook 'n aantal van Suid-Afrikaanse komponiste offisieel deur die Kerk aanvaar. Ook religieuse verse van die „Digters van Dertig" is getoonset, en John Joubert komponeer 'n groot „Te Deum".

Die Kaapse Kleurlinge is tradisioneel nog altyd die mees sanglustige deel van ons land se bevolking. By die Maleiers is baie ou Nederlandse liedere nog in ere en word hulle by die jaarlikse groot sangwedstryde gereeld gesing. Meesal is die ou Nederlandse woorde byna onherkenbaar vervorm en het die sangwyse 'n sterk Oosterse inslag gekry. Onlangs het hulle belangrike werk selfs op operagebied begin doen. Hul jaarlikse lewering van die groot meesterstukke het hoë lof geoes.

Ontwikkelings wat groot stoot aan Suid-Afrikaanse musiek gegee het, is die instelling van munisipale orkeste (Kaapstad 1914, Durban 1921, Johannesburg 1945) en die opkoms van die radio. Die eerste gereelde uitsendings is in 1924 vanuit Kaapstad gedoen, en in 1937 is die S.A. Uitsaaikorporasie gestig. Baie aandag word vandag deur die S.A.U.K. aan Suid-Afrikaanse komposisies gegee, en opdragte vir komposisies word van tyd tot tyd aan Suid-Afrikaanse komponiste gegee.

Die vraag kan tog wel gestel word, waar staan die Afrikaner met sy musiek en of dit wel van volksaard is?

Feit bly dat elke volk, hoe primitief ook al, sy eie musiek het. Die inboorling het sy tamboer, wat gebruik word tot oproep van mense tot die olifant- of slangdans, òf tot oorlog en plunder. Meer beskaaf was die ou Hotnot met sy ramkie. Al was hy nog hoe heiden, het hy reeds die gawe besit om homself met vir hom welluidende klanke te amuseer en ongetwyfeld die eerbied van sy medeburgers af te dwing.

Die Israeliete van ouds het hul psalms en lofliedere tot die Here gesing op die siter, die fluit, veelsnarige instrumente en die gittiet, terwyl die simbaal en harp ook gewilde instrumente was.

Dit word gesê dat die Pool met 'n eerbiedige aandag na 'n Beethoven-Sonata sal luister, en omgekeerd sal 'n Duitser na 'n Chopin-Etude luister en dit fraai vind. Maar, sê hulle, laat 'n Paderewski 'n Chopin-Etude speel, dan sit die Pool dadelik penorent met gespitste ore en ontvanklike hart en gees. Daar word, nl., nou in sy eie verstaanbare taal tot hom gespreek.

Dieselfde geld vir die Duitser, die Italianer of die Fransman. Want Wagner beeld die lewe van die ou Duitse helde en legendariese figure uit. Chopin en Sibelius, die Finse komponis, se werke is deur die Russiese Tsars verban oor die sterk aansporende en opswepende nasioiale gevoel wat hul werke deurstraal het.

Meer vra ek dus: Waar staan ons as Afrikaners? Mis ons nie nog die eie nasionale musiekidioom, wat tot ons volk se harte moet spreek nie?

Ons wil hoop dat in dit alles hierdie Konservatorium geseënde arbeid vir ons land en volk sal verrig. Laat daar vir een en almal van hier 'n onkeerbare uitnodiging uitgaan om na hoër skoonhede te reik en nuwe skatkamers vir die menslike gees te kan oopsluit. Wat ons daarmee daarna doen, ten goede of ten kwade, is dan op die gewete van elkeen afsonderlik.

Die Afrikaner sit egter, wagtend op die koms nie noodsaaklik van 'n Wagner, Beethoven of Bach nie, maar wel van komponiste wat die grootsheid van ons land, die volk se innerlike strewe en sy lewe kan besing in harmonieë en melodieë wat ons na die hoogtes voer.

Ek het dan ook nie die minste twyfel dat hierdie Konservatorium sy plek in die kultuurlewe van ons land en volk gaan volstaan nie. Die Afrikanervolk het 'n skeppende inslag en wag op geleenthede van leiding en onderrig om soveel meer te vermag. Die taak van hierdie Instituut en Konservatorium is om sonder meer die middelpunt van die musiek- en kultuurlewe van 'n groot gedeelte van die Afrikanervolk te word. Daartoe lê 'n groot en geweldige taak vorentoe, wat 'n veeleisende deursettingsvermoë sal verg.

Dit is haas onmoontlik om by 'n geleentheid soos hierdie in besonderhede die rol te skets, wat van hierdie Konservatorium verwag word. Dit verbly ons egter om te verneem dat daar die nouste samewerking sal wees tussen die Musiekdepartement en Instituut van die Universiteit en die Konservatorium. Dit is goed dat albei in hierdie selfde nuwe gebou gehuisves sal wees. Daardeur word die ewewig en kontak tussen die ars en die scientia verseker. Dit is 'n noodsaaklike en onmisbare verband vir 'n jong land met 'n ontluikende kulturele lewe.

Ek het dan ook met groot belangstelling kennis geneem van die oogmerke van die pasgestigte Instituut vir Suid-Afrikaanse Musiek, soos onlangs in die pers gepubliseer.

Ek verwelkom veral die voorgestelde publikasie van 'n versamelreeks oor

die Suid-Afrikaanse musiek en van musikale navorsingswerke.

Dit word bv. aan my meegedeel dat 'n groot gebrek in ons musieklewe is die afwesigheid van enige musiekblad van status. Dit word verklaar dat die bestaan van so 'n blad moontlik sou kan bydra dat skrywers van formaat gereeld beskouings oor Suid-Afrikaanse musiek kan gee en sodoende rigtings kan aandui. Tans word dit uiters sporadies gedoen.

Dit word verklaar dat die musiekkroniek in ons Afrikaanse pers veral, om die meeste daarvan te sê, baie onbeholpe en van twyfelagtige waarde is. Daar kan in hierdie opsig nog so baie as leiding vir die volk gedoen word. Ek wil dus vertrou dat musiekkritiek en musiekkroniek behoorlike en prioriteitsaandag by hierdie Inrigting sal ontvang.

Die Konservatorium sal dus die Departement Musiek huisves waar daar vir die verskillende Musiekgrade, B.Mus., M.Mus. en D.Mus., opleiding verskaf word. Ook die Kerkorreliste en ander Diplomas. Eersgenoemde graad bloot as akademiese opleiding en die Diplomas meer spesifiek vir die onderwys, en in die geval van die Kerkorreliste-Diploma vir die Kerk. Veral op laasgenoemde gebied is daar nog 'n wye veld oop wat met vrug ontgin kan word. Baie van ons kerkorreliste is hoegenaamd nie opgewasse vir die taak hul opgelê nie. Dit word dus gehoop dat die Konservatorium nie slegs orrelspel sal doseer nie maar ook aan die student van die orrel die geheime van die orrelmusiek sal onderrig en sodoende ook 'n kritiese beskouing by hulle sal ontwikkel.

'n Ander besondere behoefte, wat al hoe meer deur ons volksgenote gevoel word, is dat ons konservatoriums tog nie nét orreliste en klavierspelers moet oplei nie; daar moet ook in die besonder toegespits word op ander instrumentale opleiding. Terwyl daar hoogstens één klavier in enige orkes is, moet bykans alle instrumentaliste vandag van oorsee ingevoer word, en is daar geen of weinig opleiding vir ons eie seuns en dogters in die rigting. Daar word nie gesorg vir persone om hulle hierin na behoefte op te lei nie. Al sou dit in die beginjare miskien nie groot getalle van studente lok nie, word tog gehoop dat ons volkskonservatorium alles in sy vermoë sal doen om al hoe meer in hierdie behoefte te voorsien.

Dit is verblydend om te weet dat die Konservatorium ook 'n belangrike funksie sal vervul, nl. die beoefening van musiek in sy verskillende vertakkinge ook vir diegene wat dit nie op akademiese peil neem nie. Ons het skoliere en nie-skoolgaande studente wat nie juis 'n akademiese kursus kan of wil volg nie.

So moet daar dan getrag word deur hierdie Konservatorium om op konstruktiewe wyse mee te help om die musiekstandaard in ons land te verhoog en 'n spesifieke aandeel te hê in die hele uitbouing van die musiek in Suid-Afrika.

Groot was die opofferings en geloofsvertroue en, veral, deursettingsvermoë van 'n vérsiende Ferdinand Postma wat die instandhouding en uitbouing van hierdie Konservatorium tot op vandag se groeistadium moontlik gemaak het.

Graag wil ons net in die verbygaan daardie moedige stryd in eervolle gedagtenis bring. Laat dit 'n aansporing en besieling wees vir die groot taak wat nog vorentoe lê.

Daar wag menigvuldige aktiwiteite op die musiek- en kultuurvlak vir die soekende jeug, en dit is die taak van hierdie Konservatorium en die Musiekinstituut om hulle die pad aan te wys.

Daartoe is geen groot stad of selfs groot getalle nodig nie. Die vrugbaarste skepping geskied gewoonlik in 'n landelike en vreedsame atmosfeer, bv. Totius langs die Vaalrivier of by Rooikraal. Dit wys die geskiedenis van ander lande ons aan. Daarvoor kan geen meer idilliese omgewing as juis hierdie oewers van die Mooirivier gevind word nie.

Ek mag nie afsluit sonder 'n spesiale woord van waardering en gelukwensing aan die argitek, mnr. Johan de Ridder, nie. Ook hierdie gebou getuig van 'n mees oorspronklike en geslaagde skepping. Geen wonder dat selfs in buitelandse beskouings van sy skeppings wat in druk verskyn het, hierdie jong boerseun reeds as een van ons mees geslaagde hedendaagse argitekte beskou word nie.

De Ridder se werk is dan ook steeds sy beste advertensie. Tyd ontbreek om hier in besonderhede te gaan. Tog moet daarop gewys word dat met die beplanning van die gebou spesiaal daarna gestrewe is om nie alleen 'n praktiese en ekonomiese gebou daar te stel nie, maar veral 'n gebou wat in estetiese opsig waardig sou wees as Konservatorium waarin van die belangrikste kunste beoefen sal word.

Die spil van die gebou is dan ook die hoofingangsportaal waaruit toegang verkry word na alle dele van die gebou. Aangesien hierdie portaal daagliks deur almal in die gebou gebruik sal word, is hier in die besonder gepoog om iets moois daar te stel, wat kan en moet bydra om die regte stemming en atmosfeer in die gebou te skep.

Die vensters aan die suidekant van die gebou is so geplaas dat almal wat in die gange na die kantore of lesingsale stap van die pragtige uitsig oor die Oude Molenterrein kan geniet. Daar is ook ander buitengewone vorms, kenmerke en eienskappe van die pragtige gebou, wat verdere bestudering en waardering regverdig. Ons volstaan egter met die argitek gulhartig geluk te wens met die harmoniese geheelbeeld van hierdie skepping van hom.

Ook die kunstenares, mev. Elly Holm, word gelukgewens met haar Sgrafittopaneel, waarin die idee van musiek so geslaagd simbolies voorgestel word om in kleur en lyn aan te pas by die trap en trapportaal.

Ek beskou myself hoogs bevoorreg dat ek uitgenooi was om hierdie eervolle taak te verrig. Hier sal voorbereidingswerk gedoen word op die ploeg-, saai- en plantlande vir die verryking en verruiming van ons volksiel.

Mag dan almal wat deur die poorte van hierdie elegante gebou gaan die middelpunt word vir die beoefening van

die Godsgawe van musiek tot veredeling van hul gees en tot uitbouing van die waardering vir die skone van die lewe. Mag, bo alles, deur alle werk wat hier verrig word en die resultate wat behaal word, die naam van die Here groot gemaak en verheerlik word!

F. J. DU TOIT.

Pretoria.

---